

Terug na die Bron 6 – Die terugkeer na God

Jes.55:6-13

VERWELKOMING VAN DIE GROEP

Deel met mekaar 'n hoogtepunt in elkeen se lewe die afgelope week. Waar het julle God sien werk/gebedsverhoring beleef?

VERDIEP IN JUL VERHOUDING

Doen 'n rondte van die groep en laat elkeen deel hoe dit met hulle gaan.

VIER JULLE SAAMWEES

Gee 2 of 3 mense geleentheid om te bid vir die bespreking en die groep.

VERKEN DIE GESPREK

Gee geleentheid dat diegene wat die afgelope week se preek gekyk of geluister het met die groep deel wat vir hulle uitgestaan het.

- Gesels lekker saam oor hierdie ysbreker-vraag:
Wanneer jy die woord “ballingskap” hoor, watter gedagtes kom by jou op?

VERKRY GOD SE PERSPEKTIEF

Laat iemand in die groep **Jes.55:6-13** hardop voorlees. Gee 'n paar oomblikke van stilte dat elkeen die Skrifgedeeltes weer vir hulself lees.

VERTEL VIR MEKAAR WAT JULLE OPVAL

Deel met mekaar wat vir julle in die teks uitstaan.

VORM MEKAAR MET JULLE PERSPEKTIEWE

- Die gedeelte praat oor God se gedagtes en paaie wat nie dieselfde is as ons s'n nie. Wat dink jy beteken dit?
- Wat is die redes dat mense wegdraai van God?
- Die Woord van God word vergelyk met reën wat val wat nuwe lewe laat voortspruit. Het jy al so 'n ervaring in jou lewe gehad van hoe die Woord nuwe lewe en groei tot stand bring?
- Pragtige beelde word in Jes.55:12-13 gebruik om die bevryding uit die ballingskap te illustreer. Watter van hierdie beelde spreek tot jou?

VERBIND JULLESELF TOT TOEPASSING

- Dink aan maniere waarop jy jou paaie (leefwyse) en gedagtes (planne) meer in lyn met God se wil kan kry.

VERBLY JULLE IN DIE HERE

Deel met mekaar gebedsversoeke.

Sluit saam af met gebed. [Bid vir mekaar]